- Wyle Dalene Matthee -

Bome

vir Dalene Matthee

Klas van 1956 bring hulde

Bekend en bemind was skrywer wyle Dalene Matthee verseker waar sy ook hiér op haar geboortedorp Riversdal diep spore getrap en 'n verskil in mense se lewens gemaak het. In 2005 is sy oorlede, maar leef herinneringe, asook haar besondere boeke steeds voort.

Gebore Scott in 1938, het sy haar skoolloopbaan hiér op Riversdal in 1956 voltooi by Hoërskool Langenhoven. Drie van haar klasmaats, 'n Engelse onderwyseres, asook 'n groot bekende en beminde naam in Riversdal Dollie Lamprecht, het dit goed gedink om by Hoërskool Langenhoven se ingang hulde aan haar te bring, asook haar wens wat nooit waar geword het nie vas te vang uit haar boek Toorbos, wat in 2000 verskyn het. Op Donderdag 10 September word Dalene Matthee se droom verwesenlik met die boomplant projek van die Green Fingers Tuinbouklub op Riversdal.

Skoolhoof meneer Piet de Villiers, oud-onderwyseres Reneé Stander (onder voorsitter van Tuinbouklub), Dollie Lamprecht en klasmaats Suzette van Dyk, Kobus van Noordwyk en Piet Vermaak plant drie wilde kastaiing (*calodendrum capense*) bome. Tesame met elke boom se stam word 'n keurboom (*virgilia oroboides*) ook geplant. Laasgenoemde verskaf stikstof aan die jong kastaiing boompie, asook beskutting van hoe groter die boom groei. Beide bome dra pragtige pienk blomme wat skoenlappers en 'n sekere soort mot lok waarvan in Toorbos geskryf is. Die wilde kastaiing lok hoofsaaklik koningswaelsterte, die koning skoenlappers van die bos en die grootste skoenlappers in die land.

Dit is miskien ook heel gepas dat as daar aan Dalene Matthee gedink word, 'n keurboom saam met 'n wilde kastaiing geplant word. Die keurboom het ook 'n belangrike rol in haar boek Toorbos bespeel.

Deur 'n kenner het sy ontdek dat oral op die boom, so halflyf hoog om die skurwe stam, klein wit kolletjies so groot soos 'n vingernael is... dit was al die tyd dekseltjies van sy geweef oor tonnels van toormotte (*leto venus*), 'n spookmot se papies. Tussen Februarie, Maart en April kom dié motte uit.

Wat baie interessant is, is dat hulle nie voor half sewe, en nie later as half elf saans hul verskyning maak nie. Die mooiste en grootste motte! Voorwaar toweragtig met vier vlerke aan die oranje lyf waar die onderste twee vlerke lig oranje is, met die boonste twee met silweragtige blokkies oral-oor. Hierdie mot kan nie wegvlieg nie, maar leef op die boom.

So word sy onthou...

•Suzette van Dyk (Wessels)

Dalene Matthee (Scott) was saam met my op skool vanaf Sub A tot matriek. Sy was stil in die laerskool, maar toe ons hoërskool toe is, was sy die een wat ons skooldae interessanter gemaak het. Kwajongstreke was aan die orde van die dag. Sy was 'n interessante mens met baie fasette en talente. Sy kon mooi opstelle skryf en sy het pragtig klavier gespeel - klassieke stukke sonder bladlees. Nadat ons saam in die kerksaal matriek geskryf het, het ons paaie geskei tot baie jare later.

•Kobus van Noordwyk

In haar boek Toorbos het sy 'n droom gehad om wilde kastaiing bome langs Knysna se strate te plant. Dit het nie gerealiseer nie.

'n Groepie mense het gedink dat dit dalk in Riversdal kan waar word met die Green Fingers se boomplant projek. Dalene word ook sommer herdenk en bedank vir haar intense belangstelling in bome wat oral in haar sigbaar is en wat ons inspireer om ons deel by te dra om die natuur te bewaar en te waardeer. Ek, tesame met twee ander klasmaats Piet en Suzette het elkeen 'n boom geplant wat geskenk is deur Dollie Lamprecht, Reneé Stander en Blombos Kwekery. Suzette se pa was meneer Japie Wessels, 'n onderwyser aan Hoërskool Langenhoven. Reneé Stander, oftewel Miss Du Randt, was ook vir twee jaar Engelse onderwyseres vir Dalene.

Talle staaltjies en grappies onthou ek van Dalene, maar veral die een van die non bly my steeds by. In matriek het almal se koppe onderwys toe gestaan en so moes ons almal ook op die ry af vir 'n meneer sê wat ons gaan doen na skool. Almal sê op die ry af onderwys, onderwys en onderwys. Maar toe dit Dalene se beurt is, sê sy met 'n ernstige gesig: "'n non, meneer!" Dié meneer was skoon uit die veld geslaan, maar dit was soos Dalene was.

•Reneé Stander (Du Randt)

Dalene Matthee was baie goed in haar tale. Vir twee jaar het ek vir haar Engels gegee. Sy was die hartklop van die klas met altyd 'n grappie of twee, maar tog ook ernstig en 'n sterk aanvoeling vir skryf.

•Piet Vermaak

Sy was die platjie van die klas, asook die siel met lewe en vreugde wat asem in elke periode geblaas het. Lief vir grappies en poetse bak byvoorbeeld om koggelmanders uit papier te knip en vinnig 'n paar aan 'n onderwyser se baadjie met wasgoedpennetjies te knip as hy nie kyk nie. Die arme man stap maar doodluiters personeelkamer toe met die koggelmanders wat agter hom aan wapper... Sy het ook iets wat ek vir haar oor bobbejane vertel het geskryf in haar boek, Susters van Eva wat in 1995 verskyn het met die karakter Ses aan die woord: "Ses het eendag gesê die Here het geweet wat hy doen toe hy die bobbejaan 'n dagding gemaak het; as hulle in die nag moes geloop en vreet en steel het, sou hulle lankal oor die aarde geregeer het."

•Dollie Lamprecht vat almal se onthou van ander klasmaats wat verspreid is oor die wêreld saam. Sy en Dalene het deur middel van kuns leer ken en groot vriendinne geword. Beide het groot liefde vir die natuur, veral bome

Vir ons wat saam met haar in die klas was, was sy Dalena of Ou Scott haar nooiensvan.

Ons was saam in die klas van St.7 tot 10 in die jare 1953 tot 1956. Daardie jare was hier nog baie plaasskole in die distrik. Daarom het baie van ons eers in St. 7 by die "dorpse skool" uitgekom. Dalena was lewendig en het graag poetse gebak en ons nuwe klomp in St. 7, vir wie die skool vreemd was, moes maar versigtig wees vir haar. So het sy eendag een van die vreemdes se boeksak gegryp en op die skool se dak gegooi en doodluiters aangestap en hom gelos om self sy probleem op te los. Dwarsdeur ons hoërskooljare was sy maar altyd 'n karnallie en sy en Kiem Smuts, was eintlik die siel van ons klas. So ver ek kan onthou was niemand ooit kwaad vir haar nie. Dikwels was die onderwysers nou nie so ingenome met haar streke nie. Eendag was sy weer aan die woel in meneer Dry se klas toe hy haar aanspreek: "Ou Scott, as 'n wurm jou pla, knyp sy kop af." Soos reeds gesê moes die kleiner klasse maar altyd versigtig wees vir haar.

Toe ons in matriek was, het ons wat in die dieselfde rigting bly maar altyd saam skool toe gestap, veral om die geselskap en grappe rondom Dalena te geniet. Een middag terwyl ons huis toe stap, kom Dr Vickey van Wyk wat toe in St. 6 was, op sy fiets verby. Dalena gee so een skreeu en maak of sy daar na sy kant toe kom, maar toe moes julle sien hoe trap Vickey 'n fiets! Ons klas was glo een van die stoutstes wat Hoërskool Langenhoven ooit opgelewer het. Dit was van ons wat meneer Rall gesê het toe ons in matriek was: "My verpes, hulle is nou te sleg om hulle eers groot te hou." Dalena kon dit ook regkry om selfs 'n onderwyser ten koste van homself te laat lag. Meneer Rall het altyd graag in die klas gesê: "Ek neem eksepsie."

Eendag toe ons by hom in die klas was, het hy weer gesê: "Ek neem eksepsie." Dis toe dat Dalena, die onskuld vanself, suiker kon nie in haar mond smelt nie, vra: "Meneer, wat beteken eksepsie?" Dis toe wat meneer Rall, goeie onderwyser wat hy was, ook struikel, want eksepsie is 'n moeilike begrip om te verduidelik. Dié hele klas lag toe en meneer Rall lag toe maar saam met ons. Die laaste keer wat ek Dalena gesien het, het sy ons vertel van haar dogter se kêrel, soos sy verduidelik het: "Hulle is gekooi, maar nog nie gekerk nie." Sy sê die man het lank by haar aan huis gekom en altyd gewonder waarom sy al Dalene Matthee se boeke het voordat hy uitgevind het sy is eintlik Dalene Matthee. As u my vra of ek haar geken het, dan weet ek nie eintlik wat om te antwoord nie. Sekere aspekte van haar het ek geken, maar daar is baie aspekte van haar wat ek nie geken het en ek wonder of iemand haar werklik ten volle geken het. Sy is egter een van Langenhoven se leerlinge wat hoog uitgestyg het, indien sy nie die hoogste uitgestyg het nie. Sy is 'n voorbeeld vir huidige en toekomstige leerlinge van Hoërskool Langenhoven van wat bereik kan word en daarom is dit goed dat ons hier bome plant om hulle aan haar te herinner.

Die onthou van Dalene Matthee is groot en pronk talle van haar boeke in menige boekrakke. Dié wat saam met haar in die klas was, of haar persoonlik geken het, kon soveel meer van haar ervaar. Sy het dit reggekry dat mense wat nooit Afrikaans lees nie, dit lees.

Haar boeke is ook in sowat sestien tale vertaal, onder meer Engels, Frans, Duits, Spaans, Italiaans, Hebreeus en selfs Yslands. Almal was dit eens dat Dalene Matthee 'n verskil in hul lewens gemaak het, al was dit dalk net deur die lees van een van haar boeke.

En al gaan dit 'n tydjie neem voor die bome in volle blom is, sal Dalene Matthee egter bly voortleef in die wilde kastaiings hiér op Hoërskool Langenhoven se gronde.

Werkers Koos en Tommie wat hand bygesit het met die bome se plant, tesame met van links: Suzette van Dyk, Piet Vermaak (agter), Reneé Stander, Dollie Lamprecht, Piet de Villiers (agter) en Kobus van Noordwyk.

- Die pragtige pienk blomme van die wilde kastaiing -

Teks, foto's en grafika: Perlette van Wyk